# *Lees en kyk met begrip Graad 7 Afrikaans Huistaal* Memorandum

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **TEMA 1: ONTDEK DIE WÊRELD VAN SPEEL** |
| **ALGEMENE RIGLYNE** |

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede of die motivering verdien die punt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

**LEESBEGRIP** [p.5]

**KAN BORDSPELETJIES BEURTKRAG VERMINDER?**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Kan bordspeletjies beurtkrag verminder? ✓ | (1) | 1 |
| 2. | Mense het nie elektrisiteit nie.<br>Mense sit sonder televisie.<br>Mense het nie Wi-Fi nie.<br>(Enige DRIE van bogenoemde of soortgelyk). ✓✓✓ | (3) | 1 |
| 3. | Oor 'n halfuur. ✓ | (1) | 1 |
| 4. | omvattende ✓ | (1) | 2 |
| 5. | prettig ✓ | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. | Jare gelede was daar nie skerms om mense te vermaak nie. ✓ | (1) | 3 |
| 7. | As ’n persoon met selfvertroue optree, beteken dit dat<br>• hy/sy ’n sterk geloof en vertroue in hul eie vaardighede het.<br>• hy/sy in staat is om ’n eie mening/opinie te lig.<br>• hy/sy ’n positiewe selfbeeld het.<br>(Enige TWEE van bogenoemde) ✓ | (2) | 3 |
| 8. | Die speel van bordspeletjies kan moontlik ’n invloed hê op hoe mens beurtkrag ervaar. ✓ | (1) | 3 |
| 9. | bordspeletjies ✓ | (1) | 3 |
| 10. | • Dat bordspeletjies jou op verskeie maniere kan help om beurtkrag makliker te verwerk/aanvaar.<br>• Dat bordspeletjies ’n positiewe invloed kan hê op die vermoë om beurtkrag makliker te verwerk.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 11. | B. ontevredenheid ✓ | (1) | 3 |
| 12. | Beurtkrag is ’n beplande en tydelike onderbreking van elektriese kragvoorsiening vir spesifieke gebiede. | (1) | 3 |
| 13. | Ja, dit kan jou:<br>• kommunikasievaardighede bevorder.<br>• leer om te luister.<br>• leer om beurte te maak.<br>• help om te onderhandel met ander spelers.<br>• help om konflik te hanteer.<br>• help om ’n spanspeler te wees.<br>• leer om die reëls te volg.<br>Nee, bordspeletjies veroorsaak<br>• dat daar kompetisie is wat tot konflik lei.<br>• dat daar aggressie ontstaan tussen spelers.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 14. | ’n Mening, want daar is geen aanduiding dat dit deur navorsing of statistiek ondersteun is nie. ✓ | (1) | 4 |
| 15. | • Legkaart bou.<br>• Teken.<br>• Boek lees by kerslig.<br>• Met my troeteldier speel.<br>• ’n Musiekinstrument speel soos byvoorbeeld klavier/kitaar.<br>(Enige TWEE van bogenoemde of soortgelyk).✓ | (2) | 4 |
| 16. | Ja.<br>• Ek wil nie sit en niks doen nie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Dit is prettig.<br>• My sosiale vaardighede kan verbeter.<br>• Dit help my om beter te dink.<br>• Kan my help om my emosies te beheer.<br><br>Nee.<br>• Bordspeletjies is nie vir my lekker nie.<br>• Bordspeletjies is te duur.<br>• Dit is vervelig.<br>• Dit is oninteressant.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[20]** |

| **ADVERTENSIE** [p.9]<br>**AFRIKAANSE BORDSPELETJIE: 'N REIS OM DIE WÊRELD** | | | |
|---|---|---|---|
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Mense/gesinne/families in Suid-Afrika wat beurtkrag ondervind. ✓ | (1) | 1 |
| 2. | 'n Nuwe Afrikaanse bordspeletjie. ✓ | (1) | 1 |
| 3. | Die woord "jou"<br>• word herhaal.<br>• word in hoofletters geskryf, wat spesifiek aandui dat dit op die leser van toepassing is.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 2 |
| 4. | Nee, net 4 tot 6 mense kan die speletjie speel. ✓ | (1) | 2 |
| 5. | Almal is opgewonde, omdat hulle gaan reis. ✓ | (1) | 2 |
| 6. | gratis ✓ | (1) | 1 |
| 7. | Dit kan ook by vooraanstaande boekwinkels gekoop word. ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Hierdie nuwe speletjie is vir kinders en grootmense ontwerp. ✓ | (1) | 3 |
| 9. | • Die bordspeletjie verkoop die meeste in vergelyking met ander speletjies.<br>• Die bordspeletjie is in groot aanvraag.<br>• Die bordspeletjies is populêr/gewild.<br>• Die bordspeletjie is suksesvol.<br>• Die bordspeletjie kan deur kinders en grootmense gespeel word.<br>• Die bordspeletjie is goedkoop.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 10. | Figuurlik. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Dit verwys nie na fisiese onderkry of verloor nie, maar om positief of sterk te bly ten spyte van beurtkrag. ✓ | (1) | 3 |
| 11. | • 'n Aardbol wat aandui dat jy om die wêreld gaan reis.<br>• Vervoermiddels soos 'n vliegtuig, 'n skip en 'n motor wat aandui dat jy moontlik gaan reis.<br>• Mense met bagasie, wat aandui dat hulle gaan reis.<br>• Paspoorte, wat aandui dat hulle gaan reis.<br><br>(Leerder moet enige TWEE visuele elemente aandui, met 'n verduideliking). ✓ | (2) | 3 |
| 12. | Oorsee, want<br>• ek wil lande besoek wat unieke historiese geboue het.<br>• ek wil graag monumente/besienswaardighede besoek, wat ek nie in my eie land sou sien nie.<br>Plaaslik, want<br>• daar is nog baie plekke/dorpe/stede wat ek nog nie in my land gesien het nie.<br>• dit is nie baie duur nie.<br>• dit gaan minder tyd neem om na jou bestemming te reis.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 13. | Afrikaanse tydskrif, want die speletjie is vir Afrikaanssprekende mense ontwerp. ✓ | (1) | 4 |
| 14. | Ja,<br>• dit kan die negatiewe gevoel van beurtkrag verminder.<br>• mense kan weer saam kuier soos in die ou dae.<br>• mense kan weer iets nuttigs doen tydens beurtkrag.<br>Nee,<br>• as beurtkrag in die aand laat is, sal mense in elk geval nie kan sien om te speel nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 15. | • Verveeld/gefrustreerd omdat ek nie my rekenaarspeletjies kan speel of huiswerk kan doen nie.<br>• Bang om in die donker te wees.<br>• Onveilig omdat die alarms nie aan is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[16]** |

**GRAFIEKE**

**GRAFIEK 1: STATISTIEK OOR BORDSPELETJIES IN DIE VAALDRIEHOEK** [p. 11]

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | As gevolg van beurtkrag. ✓ | (1) | 1 |
| 2. | fiktiewe ✓ | (1) | 2 |
| 3. | Vaaldriehoek ✓ | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | Junie tot Augustus. ✓ | (1) | 1 |
| 5. | Om te bepaal watter bordspeletjie is huisgesinne se gunsteling. ✓ | (1) | 3 |
| 6. | • Monopoly is gewilder as Boereplaas.<br>• Monopoly word deur 80% huisgesinne gespeel, terwyl Boereplaas deur 30% gesinne gespeel word. ✓<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | 3 |
| 7. | Monopoly is<br>• ’n bekende bordspeletjie wat geslagte lank al gespeel word.<br>• ’n speletjie wat saam met jou maats/vriende gespeel kan word.<br>• ’n uitdagende speletjie wat jou vermoëns toets.<br>• ’n speletjie wat jou kan help om te onderhandel met ander spelers.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Onwaar.<br>Slegs 30% speel Boereplaas, ✓<br>terwyl skaak die speletjie is wat die minste gespeel word. ✓ | (2) | 2 |
| 9. | Leerder kan enige speletjie noem met ’n rede. | (2) | 4 |
| 10. | Ja.<br>• Dit gee ’n aanduiding watter speletjies gewild/ongewild is.<br>• dit dien as ’n inligtingsbron.<br>• ’n mens kan patrone waarneem.<br>Nee.<br>• nie direk van toepassing op my lewe of belangstellings/ besluitneming nie.<br>• dit is nie werklike data nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[12]** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAFIEKE** | | | |
| **GRAFIEK 2: REDES WAAROM HUISGESINNE NIE BORDSPELETJIES SPEEL NIE** [p. 13] | | | |
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Veertig persent (40%) ✓ | (1) | 1 |
| 2. | Beide huisgesinne dui aan dat dit 10% is. ✓ | (1) | 2 |
| 3. | Dertig persent (30%) het nie die nodige vaardighede beskik om bordspeletjies te speel nie. ✓ | (1) | 3 |
| 4. | Mense wat nie belangstel in bordspeletjies nie se persentasie is 60% ✓ teenoor mense wat te min tyd het is 40%. ✓ | (2) | 3 |
| 5. | • Die mense kan dalk ’n besige lewenstyl hê.<br>• Die mense moet hul tyd bestee aan hul werk, gesinsverpligtinge, studies, ensovoorts.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 6. | Ja. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Dit is duideliker, omdat dit visueel waargeneem kan word.<br>• Die persentasies kan makliker vergelyk word.<br>• Mense wat nie oor sterk leesvaardighede beskik nie, kan ’n grafiek makliker verstaan.<br>• ’n Groot hoeveelheid inligting kan in ’n enkele grafiek saamgevat word.<br>• Vergelykings kan makliker aangetoon word.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[7]** |

**PLAKKAAT** [p.16]

**SPELETJIE-FUNDAG**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Maats/klasmaats/vriende/ouers ✓<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | 1 |
| 2. | ’n Speletjie-dag ✓ | (1) | 1 |
| 3. | • Om moontlik fondse in te samel vir hul afskeid.<br>• Om leerders geleentheid te bied om pret te ervaar/ontspan.<br>• Om verhoudings tussen leerders te versterk.<br>• Omdat dit deel is van Lewensoriëntering.<br>• Om leerders te beloon vir goeie akademiese prestasie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 2 |
| 4. | Woordspeletjies fokus op die gebruik van woorde vir vermaak.<br>Tekenspeletjies fokus op kommunikasie sonder die gebruik van woorde / die gebruik van tekens/gesigsuitdrukking om boodskappe oor te dra, sonder die gebruik van woorde. ✓ | (2) | 1 |
| 5. | Smul aan pannekoeke, kerrie en rys, vetkoek of braaivleis. ✓ | (1) | 1 |
| 6. | Pretdag ✓ | (1) | 2 |
| 7. | B. die plek ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Om vir leerders ’n verskeidenheid van aktiwiteite te bied vir vermaak / leer / en sosiale interaksie ✓ | (1) | 3 |
| 9. | Omdat groot pryse vir jou wag / “Groot pryse wag vir jou” ✓ | (1) | 3 |
| 10. | • ’n Foto van leerders wat ’n plakkaat vashou.<br>• Verskillende lettertipes en -groottes.<br>• Letters in vetdruk.<br>• Die grys kleur van die plakkaat.<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓ | (2) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11. | Die adverteerder probeer die aandag van die leser vestig op die datum. ✓ | (1) | 4 |
| 12. | • Daar word te min verskillende speletjies aangebied.<br>• Videospeletjies is lekkerder.<br>• My vriende wil nie gaan nie.<br>• Stel nie belang in die tipe speletjies nie.<br>• Ander verpligtinge soos skoolwerk, sport of ’n partytjie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[14]** |

**OPSOMMING** [p.17]

**WENKE OM DIE REGTE BORDSPELETJIE TE KIES**

Kyk na die assesseringsriglyne aan die einde van hierdie dokument vir die puntetoekenning.

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Dit is beter om ’n speletjie te kies wat by jou belangstellings, persoonlikheid en vaardighede pas. | Kies ’n speletjie wat pas by jul belangstellings, persoonlikheid en vaardighede. |
| 2. | Onthou, die ouderdomsaanbevelings op ’n speletjieboks is nie ’n vaste reël nie. | Die ouderdomsaanbevelings op ’n speletjie se boks is nie ’n vaste reël nie. |
| 3. | Moenie moed opgee net omdat jy nie duur speletjies kan bekostig nie. | Jy hoef nie altyd net duur speletjies te koop nie. |
| 4. | Besluit of jy ’n maklike, eenvoudiger speletjie of moeilike, uitdagende speletjie verkies. | Besluit of jy ’n maklike of moeilike speletjie verkies. |
| 5. | Hou in gedagte hoeveel mense gereeld die speletjie gaan speel. | Neem die hoeveelheid mense in ag wat gaan speel. |
| 6. | Kyk of die speletjie op verskillende maniere gespeel kan word. | Herspeelbaarheid van die speletjie is belangrik. |
| 7. | YouTube het resensies oor speletjies wat jou kan help om die regte een te kies. | Besoek YouTube om jou te help om die regte speletjie te kies. |

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **TEMA 2: SPORT** |
| **ALGEMENE RIGLYNE** |

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

**LEESBEGRIP** [p.19]

**RUGBY SE NEDERIGE BEGIN IN SUID-AFRIKA**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Geen ✓ | (1) | 1 |
| 2. | Loftus<br>Ellispark<br>Nuweland<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 1 |
| 3. | Sodat alle rugbyklubs dieselfde reëls volg. ✓ | (1) | 1 |
| 4. | 24 Junie 1995 ✓ | (1) | 1 |
| 5. | Paul Roos het tydens 'n rugbytoer die Suid-Afrikaanse span as Springbokke beskryf omdat hulle soos springbokke spring ✓ | (1) | 1 |
| 6. | Weet jy waar die naam Springbokke vandaan kom?<br>Het die Springbokke se naam toevallig gebeur?<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 7. | • Rugby is 'n kombinasie van hardloop, duik, vang en skop van 'n bal. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Rugby word gespeel deur twee spanne van 15 spelers op ’n grasveld.<br>• Rugby is ’n balsport met 15 spelers op ’n grasveld.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 2 |
| 8. | 8.1 Merkwaardige ✓<br>8.2 William Webb Ellis-trofee ✓ | (1)<br>(1) | 1<br>1 |
| 9. | Ja (Leerder kry slegs punt vir motivering):<br>• Rugby in Suid-Afrika het ’n eenvoudige/beskeie begin gehad.<br>• Rugby het nie dadelik groot publieke aandag getrek nie.<br>• Rugby was nie ’n bekende/gewilde sportsoort nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 10. | Die eerste amptelike rugbyspan het by die Britte geleer hoe om rugby te speel. ✓ | (1) | 1 |
| 11. | 11.1 Letterlik. Die Springbokvlae is groen en as die toeskouers die vlae waai, lyk dit asof die hele pawiljoen groen is. ✓<br>11.2 Figuurlik. Die Springbokke het geleer by die Britte hoe om rugby te speel. ✓ | (1)<br>(1) | 3<br>3 |
| 12. | Toeskouers/ondersteuners ✓ | (1) | 3 |
| 13. | ’n Rugbykaptein moet<br>• sterk leierskap openbaar<br>• effektief kan kommunikeer<br>• eerlik wees<br>• betroubaar wees<br>• respekvol wees teenoor medespelers<br>• moeilike/vinnige besluite kan neem<br>• puik/uitstekende rugbyvaardighede hê<br>(Enige DRIE van bogenoemde). ✓✓✓ | (3) | 3 |
| 14. | Vandag se Springbokrugby<br>• is ’n professionele sport<br>• is spelers wat ’n voltydse loopbaan in rugby het<br>• se spelers kry topgehalte afrigting<br>In die beginjare van rugby<br>• was die spelers waarskynlik amateurs<br>• was daar min afrigting/ondersteuning<br>• was die spel eenvoudiger<br>(Leerders moet vergelyking tref vir TWEE punte) ✓✓ | (2) | 3 |
| 15. | Hy het bedoel alhoewel daar slegs 60 000 mense/ondersteuners in die stadion was, het die hele Suid-Afrikaanse bevolking, wat ongeveer 43 miljoen mense is, die span ondersteun. ✓ | (1) | 3 |
| 16. | 16.1 Mening.<br>• Dit is die skrywer se eie gevoel oor rugby, want ander mense kan anders oor rugby voel.<br>• Ander mense kan ’n ander sportsoort soos sokker, hokkie of netbal as geliefd beskou.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 16.2 Feit. Die Springbokke het onder Siya Kolisi se leiding die vierde keer die Wêreldbeker gewen. ✓ | (1) | 4 |
| 17. | Omdat vliegtuie toe nog nie bestaan het nie. ✓ | (1) | 4 |
| 18. | Met sy optrede het hy gewys dat sport ’n kragtige middel/instrument kan wees wat versoening/nasiebou/eenheid/nasionale trots kan skep. (Enige EEN). ✓ | (1) | 4 |
| 19. | Ja. (Leerder kry slegs punt vir motivering).<br>• Hy was in staat om die Suid-Afrikaanse rugbyspan tot oorwinnings te lei.<br>• Sy leierskap moedig jongmense aan om ook as leiers op te tree.<br>• Sy moeilike agtergrond is ’n inspirasie vir jongmense wat ook met uitdagings te doen het.<br>• Sy suksesvolle rugbyloopbaan is ’n inspirasie/dien as motivering om ook jou beste te lewer.<br>• Sy gesinslewe bied hoop vir jongmense.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 20. | Dit kan<br>• die jeug inspireer om hul drome na te jaag<br>• die jeug motiveer om hul beste te gee/hard te werk<br>• die jeug se selfvertoue en selfwaarde verhoog<br>• die jeug motiveer om deel te neem aan ’n sportsoort<br>• ’n gevoel van nasionale trots skep by die jeug<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 21. | Ja.<br>• Rugby is ’n sportsoort wat alle Suid-Afrikaners ondersteun.<br>• Rugby bring mense regoor die wêreld saam.<br>Nee.<br>• Daar is mense wat meer van sokker/krieket of tennis hou.<br>• Rugby is ’n gevaarlike sport waar jy kop, nek en rugbeserings kan opdoen.<br>• Vir rugby moet mens die reëls verstaan om dit te geniet.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Leerder kry slegs punt vir motivering). ✓ | (1) | 5 |
| 22. | Ek sal<br>• aanbied om saam met my maat deel te neem aan sport<br>• met my maat gesels oor die voordele van sportdeelname.<br>• beklemtoon hoe belangrik ’n gebalanseerde leefstyl is.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 23. | Leerder kan na enige paragraaf verwys, maar moet ’n verduideliking verskaf. ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[30]** |

**PLAKKAAT** [p. 23]

**GROOTSTE RUGBY-TOERNOOI**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Rugbyspelers/Rugby-liefhebbers/Leerders/Afrigters/Onderwysers/<br>Ouers/Ondersteuners<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 2. | 10-15 Mei 2024 ✓ | (1) | 1 |
| 3. | 3.1 kom ✓<br>3.2 perfekte ✓ | (1)<br>(1) | 1<br>1 |
| 4. | 4.1 Om die Springbokkaptein te ontmoet en sy handtekening te kry. ✓<br><br>4.2<br>• Jy gaan 'n persoonlike interaksie/ervaring met 'n prominente speler van die Springbokspan hê.<br>• Jy gaan 'n onvergeetlike herinnering ervaar.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1)<br><br><br><br>(1) | 1<br><br><br><br>1 |
| 5. | Want as hulle in uniform kom, is dit gratis. ✓ | (1) | 1 |
| 6. | • Groter font/lettertipe as res van die teks<br>• Vetdruk/donker woorde/letters<br>• Hoofletter gebruik<br>• Uitroepteken<br>• Onderstreping van die woord rugby<br>• Skuins gedruk/kursief<br><br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 7. | 7.1 Coca-Cola, want die naam is die grootste geskryf/grootste handelsmerk/kan ook meer geld borg.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓<br><br>7.2<br>• Springbok Klere<br>• Cooper Motors<br>• Energade Cool<br>• Pedgars Skoene<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1)<br><br><br><br>(1) | 3<br><br><br><br>1 |
| 8. | Rugbyspeler duik om 'n drie te druk. ✓<br>Rugbyspeler maak reg om 'n bal te skop. ✓ | (2) | 2 |
| 9. | A. Die plek waar die toernooi plaasvind. ✓ | (1) | 3 |
| 10. | Rugbyspeler<br>Kopstut<br>Rugbytrui<br>Rugbystewels<br>Rugbykouse<br>Rugbybal | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige DRIE van bogenoemde). ✓✓✓ | (3) | 2 |
| 11. | Dit moedig mense/ondersteuners/spelers/afrigters aan om aktief deel te neem aan die toernooi, stap vir stap. /<br>Dit dui op positiewe/doelgerigte stappe om aktief betrokke te wees.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 12. | • Daar word op die emosies/emotiewe woorde/manipulerende taal gefokus, deur van woorde gebruik te maak soos: "jy/jou/spannende/opwinding/gaan groot/maak die paviljoene vol/vriendelike atmosfeer/ervaar rugby op sy beste/kom ontmoet die springbokkaptein".<br>• Vermaak soos trompoppies word aangebied.<br>• Kosstalletjies waar jy lekker kos kan koop.<br>• Verblyf word voorgehou as perfek.<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 3 |
| 13. | Die inhoud word verbeeldingryk aangebied. ✓ | (1) | 3 |
| 14. | Die leser. ✓ | (1) | 3 |
| 15. | Regmerkies suggereer dat<br>• dit korrek/goed is<br>• dat dit aanvaarbaar is<br>• dit iets positief is<br>(Enige EEN of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 16. | • Positiewe interaksies met ander spelers en afrigters<br>• Selfbeeld kan verhoog<br>• Leer om saam te werk<br>• Om teleurstellings (verloor) te verwerk<br>• Skep van herinneringe saam met familie/spanlede<br>• Balvaardighede kan verbeter<br>• Karaktereienskappe soos respek kan aangeleer word.<br><br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 4 |
| 17. | 17.1<br>• Daar is twee foto's van seuns wat rugby speel/ geen foto van 'n meisie nie.<br>• Daar word net verwys na seuns wat kan inskryf vir 'n span.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| | 17.2<br>Ja.<br>• Rugby is 'n sport slegs vir seuns<br>• Rugby is tradisioneel 'n seuns-sport<br>• Meisies kan seerkry/ernstige beserings opdoen<br>• Op hierdie junior vlak (10-14) word rugby nie vir meisies aangebied nie<br>Nee.<br>• Daar is 'n vroue-Springbokspan.<br>• Beide seuns en meisies moet die kans gebied word om aan 'n rugbytoernooi deel te neem, indien hulle wil.<br>• Dit is 'n vorm van geslagsdiskriminasie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Dit beperk meisies se geleenthede om aan rugby/sport deel te neem.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| | 17.3 Ek sal meisies<br>• aanmoedig om ’n ander sport te probeer doen soos byvoorbeeld hokkie/netbal of swem.<br>• aanmoedig om met hulle ouers/onderwysers/organiseerders oor die ongelykheid in die sport te gesels.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 18. | Ja.<br>• Daar is baie dinge wat ’n mens kan verwag by die toernooi.<br>• Dit laat ’n mens lus voel om die toernooi by te woon.<br>• Die foto’s laat ’n mens twee keer kyk na die plakkaat.<br>Nee.<br>Dit het te veel woorde wat gelees moet word.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 19. | Ja.<br>Ek hou baie van rugby / wil my span aanmoedig.<br>Ek speel self rugby / Ek stel belang in rugby.<br><br>Nee.<br>Ek geniet nie rugby nie / Ek het ander planne gemaak.<br>Net rugby word aangebied, en ek voel dat ander sportsoorte ook ingesluit kon word op die dag.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[29]** |

**SPOTPRENT** [p. 26]

**BLITSBOKKE IS BLITSVINNIG**

| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1. | Televisiekamer ✓ | (1) | 2 |
| 2. | Dit beteken<br>• dat die Blitsbokke vier toernooie agter mekaar, sonder ’n enkele verlies gewen het.<br>• dat die Blitsbokke se vier wen-toernooie direk volg op die vorige een, sonder enige tydverloop.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 2 |
| 3. | 3.1 Die pa en seun ✓✓ | (2) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 3.2<br>• Die pa en die seun voer ’n gesprek.<br>• Die pa en seun is groter geteken as die ander karakters.<br>• Die pa en die seun se woorde is die sentrale tema van die spotprent.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 4. | Ja.<br>• Dis ’n eenvoudige/maklike/verstaanbare/vermaaklike verduideliking.<br>• Die woordspeling van “Blits” verwys na spoed, wat daarop dui dat die Blitsbokke vinnig genoeg is om die trofees in te ryg.<br><br>Nee. Die pa het eers gedink voordat hy net lukraak geantwoord het.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 5. | Sy lê en lees ’n boek. ✓ | (1) | 3 |
| 6. | Die broer is aktief/staan regop/luister vir sy pa. ✓<br>Die sussie is rustig / lê op haar rug en lees / luister moontlik nie na die gesprek nie. ✓ | (2) | 2 |
| 7. | Hulle gaan die volgende toernooi wen. ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Feit, dit word weergegee in die subopskrif van die spotprent. | (1) | 3 |
| 9. | Ja.<br>Dit is realisties en ’n alledaagse toneel wat daagliks by huisgesinne plaasvind. ✓ | (1) | 4 |
| 10. | In die subopskrif van die spotprent. | (1) | 3 |
| 11. | Ja.<br>Want as gevolg van die Blitsbokke se uitsonderlike snelheid/vaardigheid op die rugbyveld pas dit by hulle naam.<br>Die naam "Blitsbokke" is ’n samestelling van die woord “blits” wat na vinnige beweging of spoed verwys, en “bokke” wat na die nasionale dier van Suid-Afrika, die springbok, verwys.<br><br>(Leerder se antwoord moet verwys na die woorde “blits” en “springbok”). ✓✓ | (2) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[15]** |

| **OPSOMMING** [p. 28] | | |
|---|---|---|
| **HOE KAN EK MYSELF MOTIVEER OM TE BEGIN OEFEN?** | | |
| Kyk na die assesseringsriglyne aan die einde van hierdie dokument vir die puntetoekenning. | | |
| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
| 1. | Jy is uniek, so neem deel aan iets wat by jou pas. | Neem deel aan iets wat by jou pas. |
| 2. | Moenie bang wees vir oefening en sport nie. | Oefening is ’n deurlopende proses so moenie moed opgee nie. |
| 3. | Begin met klein treetjies. | Kry ’n sport of tipe fisiese aktiwiteit wat jou persoonlikheid en vermoëns weerspieël. |
| 4. | Daar is baie tyd om ’n sportheld te word. | Moenie dit oordoen en jouself te hard druk nie. |
| 5. | Neem verantwoordelikheid vir jou eie gesondheid. | Oefening sal voordelig wees vir jou brein en jou akademie. |
| 6. | Moenie verskonings maak nie. | Kry ’n aktiwiteit wat jy geniet. |
| 7. | Hou by ’n spesifieke rooster. | Stel doelwitte om jouself te motiveer. |
| | | **TOTAAL: [10]** |

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **TEMA 3: DIEREKIND SE GIERE EN MANIERE** |
| **ALGEMENE RIGLYNE** |
| • Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)<br><br>• Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.<br><br>• Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede of die motivering verdien die punt.<br><br>• Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.<br><br>• Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.<br><br>• Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.<br><br>• Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar. |

| **LEESBEGRIP** [p. 30]<br>**STAAN OPSY, RONALDO EN KIE, HIER KOM DIE KAAP SE KOLLETJIE!** | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | 1.1 Staan opsy, Ronaldo en kie, hier kom die Kaap se Kolletjie! ✓ | (1) | 1 |
| | 1.2 Die lesers word aangemoedig om verder te lees. ✓ | (1) | 3 |
| | 1.3 Jack Russell/hondjie. ✓ | (1) | 1 |
| | 1.4 “Ronaldo” verwys na die wêreldberoemde Portugese voetbalspeler. ✓<br>Die “kie” verwys na sy spanmaats / sportvriende / medespelers. ✓ | (2) | 2 |
| | 1.5<br>• Om die leser se aandag op sokker te vestig.<br>• Om die boodskap van die titel te versterk.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 2. | • Omdat beide balvaardig is.<br>• Om ’n gevoel van humor te skep.<br>• Om ’n gevoel van opwinding/spanning te probeer skep.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 3. | 3.1 Dat Kolletjie se vaardigheid met die bal baie mense in die wêreld daaroor laat praat. ✓ | (1) | 3 |
| | 3.2 Dat Kolletjie net soos Cristiano Ronaldo | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • die bal op 'n indrukwekkende manier hanteer.<br>• die bal met vaardigheid hanteer.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 4. | Facebook ✓ | (1) | 1 |
| 5. | 5.1 vernuf/behendig ✓<br>5.2 wêreldberoemd ✓ | (1)<br>(1) | 1<br>1 |
| 6. | • Sy snelheid op die veld.<br>• Sy fiksheid as speler.<br>• Vermoë om doele te skop.<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 1 |
| 7. | • Ander nuusgebeurtenisse was meer belangrik/prioriteit.<br>• Die video was moontlik wyer in Kanada as in Suid-Afrika versprei.<br>• In Kanada het mense moontlik meer toegang tot sosiale media as in Suid-Afrika.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Dit is iemand wat in Kaapstad/Wes-Kaap gebore is. ✓ | (1) | 3 |
| 9. | 9.1 ... hy het 'n sokkerbal sowel as 'n rugbybal vernietig. ✓ | (1) | 2 |
| | 9.2 Kolletjie kan<br>• rusteloos/vervelig/depressief voel.<br>• passief/onaktief raak.<br>• oormatig blaf / klere en skoene ronddra / meubels begin kou.<br>• vetter word/gewig op tel.<br>• ongehoorsaam word.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 10. | 10.1<br>• energiek<br>• trots<br>• intelligent<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| | 10.2<br>• Sorgsaamheid<br>• Toewyding<br>• Geduldig<br>• Sensitief<br>(Enige TWEE van bogenoemde of soortgelyk). ✓✓ | (2) | 3 |
| 11. | Die plasing het slegs 'n sterk emosionele impak/reaksie veroorsaak by hondeliefhebbers, maar hul harte het nie letterlik gesmelt nie. ✓ | (1) | 3 |
| 12. | • Hy wou sy hondjie se prestasie aan die wêreld wys.<br>• Hy wou wys wat diere kan doen wanneer hulle genoeg aandag kry.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 13. | Ja.<br>Dit kan mense inspireer<br>• om dieselfde/soortgelyke toertjies met hul diere te doen.<br>• om meer tyd met hul diere te spandeer.<br>• om hul diere se unieke talente te ontdek. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 14. | Ja, ek stem saam, want verskillende speelgoed kan<br>• 'n nuwe uitdaging aan Kolletjie bied.<br>• Kolletjie se belangstelling op 'n positiewe manier behou.<br>• gebruik word om Kolletjie vir sy goeie gedrag te beloon.<br>Nee, ek stem nie saam<br>• dat een hond so bederf moet word nie.<br>• dat een hond so 'n groot hoeveelheid speelgoed moet hê nie.<br>• nie, want daar is diere wat nie genoeg voedsel of versorging het nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 15. | Ja.<br>• Dit is unieke manier hoe hy met die tennisbal speel.<br>Nee.<br>• Daar is ander mededingers wat beter as Kolletjie is.<br>• Baie honde kan op soortgelyke manier met 'n bal speel.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 16. | As jy na die foto kyk, kan mens 'n kolletjie op sy lyf sien. ✓ | (1) | 4 |
| 17. | Ja.<br>• Tieners kan maklik identifiseer met die eienaar.<br>• Die storie is boeiend/vermaaklik/verbeeldingryk.<br>• Veral as die tiener self ook 'n hond as troeteldier het.<br><br>Nee. Tieners is moeg van verhale oor diere.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 18. | • Liefdevol<br>• Verantwoordelik<br>• Beskermend<br>• Besorgd<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| 19. | Ek sou<br>• my troeteldier help om sy talent te verbeter.<br>• my troeteldier beloon.<br>• my troeteldier aan 'n kompetisie laat deelneem.<br>• my troeteldier op Facebook plaas.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[30]** |

| **SPOTPRENT** [p.33 ]<br>**LEEUWYFIE RY GRATIS TAXI** | | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1. | Die leeu<br>• ry gratis in 'n taxi<br>• kry spesiale behandeling om gratis in die motor te ry<br>• is moontlik 'n belangrike/bekende passasier wat nie hoef te betaal nie | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Die spotprent is humoristies/snaaks/komies.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 2 |
| 2. | Die man/die pa. ✓ | (1) | 1 |
| 3. | Die leeuwyfie het ontsnap weens reënskade aan ’n heining. ✓ | (1) | 1 |
| 4. | • Sy is moontlik opgevreet deur die leeu.<br>• Sy kon dit regkry om weg te hardloop.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 5. | 5.1<br>“Knorrig” beteken jy is<br>• geïrriteerd<br>• kortaf<br>• ongeskik<br>• nors<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| | 5.2<br>Omdat hy dink die leeu is sy vrou wat altyd nors/kortaf/ongeskik voorkom.✓ | (1) | 3 |
| | 5.3<br>• Die bestuurder praat met die leeu (asof dit ’n mens is), wat komies/humoristies/snaaks is. ✓<br>• Die bestuurder besef nie wat aangaan nie, moontlik omdat hy nie goed kan sien of hoor nie. ✓ | (2) | 3 |
| 6. | Die bestuurder besef nie hy praat met ’n leeu nie, ✓<br>want hy kan duidelik nie goed hoor of sien nie. ✓ | (2) | 3 |
| 7. | Hy dra ’n bril met dik, groot glase. ✓ | (1) | 3 |
| 8. | • ’n Leeu in ’n motor is iets wat niemand sou verwag nie, wat ’n snaakse/komiese element is.<br>• Die leeu is in ’n alledaagse situasie geplaas wat normaalweg vir mense bedoel is.<br>• Die leeu wat in ’n klein motor ingeprop is, is visueel komies.<br>• Die gedagte van ’n leeu langs jou in ’n motor is onnatuurlik.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 9. | • Ek sou dadelik vir hom ’n afspraak by ’n oogarts maak om sy oë te laat toets.<br>• Ek sou hom versoek om nie meer self te bestuur nie.<br>• Ek sou hom self neem na plekke, sodat hy nie meer hoef te bestuur nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 10. | • Ek is nie jou “mammie” nie, maar Scar, Simba se oom.<br>• Ek het klaar jou jong bokkie geëet, nou is dit ek en jy oupa.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| | **TOTAAL:** | | **(14)** |

| STROOIBILJET [p.36]<br>**KIETSIE & WOEF PALEIS** | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | 1.1 Mense wat diere het en met vakansie wil gaan. ✓<br>1.2 Kietsie en Woef Paleis. ✓ | (1)<br>(1) | 1<br>1 |
| 2. | Die woorde "jy" en "jou" word gebruik. ✓ | (1) | 3 |
| 3. | Ja<br>• Die woorde "kietsie" en "woef" word gewoonlik gebruik om diere te beskryf.<br>• Die woord "paleis" laat jou aan 'n koning/koningin se woonplek dink.<br>• Die advertensie gaan oor troeteldiere.<br>(Enige TWEE van bogenoemde OF soortgelyk). ✓ | (2) | 2 |
| 4. | • 'n Prentjie/silhoeëtte van 'n hond en 'n kat.<br>• Verskillende grootte lettertipe.<br>(Enige EEN van bogenoemde).✓ | (1) | 2 |
| 5. | Liefdevolle/opgeleide/toegewyde<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 6. | geruste hart ✓ | (1) | 1 |
| 7. | Die troeteldier is soos 'n kind vir die eienaar. | (1) | 1 |
| 8. | boodskap ✓ | (1) | 3 |
| 9. | Dit is 'n spesifieke tyd wat 'n besoek by die eienaar se huis gaan plaasvind. ✓ | (1) | 3 |
| 10. | Die troeteldier moet<br>• liefdevol wees.<br>• bevele kan verstaan.<br>• verdraagsaamheid openbaar.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 11. | Ja, want verskillende betalingsmetodes kan gebruik word. ✓ | (1) | 2 |
| 12. | Nee, daar word nie van enige ander diere behalwe honde en katte melding gemaak nie. ✓ | (1) | 4 |
| 13. | Omdat diere<br>• die verantwoordelikheid van eienaars is.<br>• nie net aan hul eie oorgelaat kan word nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 14. | Ja.<br>• Dit is die leuse van die adverteerders.<br>• Dit kan 'n groter aantal lesers/Engelssprekendes mense se aandag trek.<br>Nee.<br>• Die hele advertensie is in Afrikaans, behalwe die leuse.<br>• Die adverteerder kon die leuse in Afrikaans vertaal het.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 15. | Ja.<br>• Hulle sal my troeteldier soos hul eie dier versorg.<br>• Hulle personeel is goed opgelei met jare se ervaring.<br>• Daar is aktiwiteite soos prettige speelgoed.<br>• Hulle is heeljaar asook gedurende naweke beskikbaar. ✓ | (1) | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16. | • Hulle moet vroegtydig ’n oppasser soek om na hul diere om te sien.<br>• Huur ’n betroubare troeteldieroppasser.<br>• Maak seker dat jou troeteldier goed versorg word.<br>• Sorg dat jou troeteldier genoeg speelgoed het as jy nie daar is nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| | **TOTAAL:** | | **[18]** |

| **SIRKELDIAGRAM** [p.38]<br>**HAWELOSE TROETELDIERE IN SUID-AFRIKA** | | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1. | *End Pet Homelessness* ✓ | (1) | 1 |
| 2. | Suid-Afrika ✓ | (1) | 1 |
| 3. | 1.7 miljoen ✓ | (1) | 1 |
| 4. | Onwaar. Daar is 650 000 honde en katte in diereskuilings. ✓ | (1) | 2 |
| 5. | Beide is 1.7 miljoen ✓ | (1) | 2 |
| 6. | Feit.<br>Dit word statisties in hierdie grafiek weergegee. ✓ | (1) | 2 |
| 7. | Die term “hawelose troeteldiere” verwys na diere<br>• wat op straat rondloop.<br>• wat nie ’n eienaar het (om hulle te versorg) nie.<br>• sonder ’n huis is.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 8. | 8.1 Ja.<br>Die groot hoeveelheid hawelose diere wat aangedui word, sal beslis lesers se aandag trek. ✓<br>8.2 Die prente van verwaarloosde diere. ✓ | (1)<br>(1) | 3<br>2 |
| 9. | Die sleutel/blokkies gee ’n aanduiding van die hoeveelheid asook verskillende hawelose troeteldiere. ✓ | (1) | 3 |
| 10. | Om mense bewus te maak van hawelose troeteldiere in Suid-Afrika ✓ | (1) | 3 |
| 11. | Mense<br>• verhuis sonder om hul troeteldiere saam te neem.<br>• ondervind finansiële probleme en kan nie vir hul troeteldiere sorg nie.<br>• laat nie hul troeteldiere steriliseer nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 12. | Ek sal die hawelose dier<br>• probeer vang en kyk of die dier ’n mikroskyfie / enige kontakbesonderhede het.<br>• na die DBV neem.<br>• se foto op sosiale media/Facebook/Whatsapp/Instagram plaas.<br>• self versorg.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[13]** |

| **OPSOMMING** [p. 40]<br>**HOE OM DIE REGTE SPEELGOED VIR JOU TROETELDIER TE KIES** | | |
|---|---|---|
| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
| 1. | Speelgoed moet spesifiek ontwerp wees vir troeteldiere. | Speelgoed moet vir troeteldiere ontwerp wees. |
| 2. | Kies tussen verskillende materiale soos sagte nylon, latex, rubber en viniel. | Kies die regte materiaal vir jou troeteldier se speelgoed. |
| 3. | Kyk na die aktiwiteitsvlak en die ouderdom van jou troeteldiere. | Speelgoed moet pas by die aktiwiteitsvlak en ouderdom van jou troeteldier. |
| 4. | Jy moet kyk na die karakter en gedrag van jou troeteldiere | As jy speelgoed koop moet jy die karakter en gedrag van jou troeteldier in ag neem. |
| 5. | Speelgoed moet pas by die grootte en tipe troeteldiere. | Speelgoed moet nie te groot of klein wees nie. |
| 6. | Troeteldiere moet meer as een speelding hê. Hulle moet ten minste drie of vier speelgoed hê. | Troeteldiere moet genoeg speelgoed hê om hulle self besig te hou. |
| 7. | Is daar genoeg ruimte om rond te spring of te hardloop? | Daar moet genoeg ruimte wees om met die speelgoed te speel. |
| | | **TOTAAL: [10]** |

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **TEMA 4: AFRIKAANS – JOU HARTSTAAL** |
| **ALGEMENE NASIENRIGLYNE** |

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

**LEESBEGRIP** [p.41]
**IS JY EEN VAN DIE 44 MENSE WAT AFRIKAANS PRAAT?**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | 1.1<br>• Sy is ’n aktrise wat in Suid-Afrika gebore is.<br>• Sy is ’n Hollywood-aktrise.<br>• Sy is ’n Oscar-wenner.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| | 1.2 opmerking ✓ | (1) | 2 |
| 2. | 2.1 Charlize Theron het baie kritiek/negatiewe kommentaar oor haar uitlatings op sosiale media gekry. ✓<br>2.2 Suid-Afrikaners was kwaad / ontsteld / omgekrap / verontwaardig / ontstoke / boos oor haar uitlatings. ✓<br>2.3 Baie mense se emosionele reaksies was op sosiale media sigbaar en het groot ongelukkigheid veroorsaak. ✓ | (1)<br>(1)<br>(1) | 3<br>3<br>3 |
| 3. | "Bekendes" verwys na persone | | |

<table>
<tr><td></td><td>• wat as gevolg van beroemdheid / prestasies / publieke optrede bekend is.<br>• uit vermaaklike/politieke/enige ander gebiede wat groot bekendheid in die samelewing/gemeenskap geniet.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓<br><br>"Jan Alleman" verwys<br>• na 'n gemiddelde/normale persoon in die samelewing, sonder enige spesiale status of roem.<br>• Na 'n gewone / onbekende persoon / mens.<br>• na iemand sonder spesiale/buitengewone eienskappe.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓</td><td>(2)</td><td>3</td></tr>
<tr><td>4.</td><td>4.1 Die manier ✓ wat Afrikaans gaan voortleef, is deur musiek, feeste en selfs deur nuus kyk.<br>4.2 Ek voel ek kan myself lekker uitdruk✓ in Afrikaans.</td><td>(1)<br><br>(1)</td><td>2<br><br>2</td></tr>
<tr><td>5.</td><td>Ja.<br>Dit is die woorde van die kletsrymer en is in aanhalingstekens geplaas.<br><br>Nee.<br>• Leerders moet nie in leesbegrip daaraan blootgestel word nie, want korrekte/suiwer Afrikaanse woorde is beskikbaar.<br>• Dit verarm die Afrikaanse taal.<br>• Dit is nie reg om Afrikaans met Engelse woorde te "deurspek" nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓</td><td>(1)</td><td>5</td></tr>
<tr><td>6.</td><td><table>
<tr><th>Early B</th><th>Riaan Cruywagen</th></tr>
<tr><td>kletsrym</td><td>nuusleser/televisieaanbieder</td></tr>
<tr><td>33 jaar oud</td><td>77 jaar oud</td></tr>
<tr><td>Gebruik sy stem om woorde/stories oor te dra (wat meestal rym).</td><td>Gebruik sy stem om die nuus oor te dra.</td></tr>
<tr><td>Sy stem fokus op vermaak.</td><td>Sy stem is gewoonlik neutraal.</td></tr>
<tr><td>Hy praat streekstaal.</td><td>Hy praat suiwer Afrikaans.</td></tr>
</table><br>(Enige TWEE aan beide kante van tabel). ✓✓✓✓</td><td>(4)</td><td>2</td></tr>
<tr><td>7.</td><td>Nee, dit is onregverdig want:<br>• alles in die wêreld neig nie net na Engels nie.<br>• ander tale word ook in verskillende dele van die wêreld gepraat.<br>• in baie ander lande is Engels nie die hooftaal/amptelike taal nie.<br>• dit kan bewys word deur statistiek dat ander tale ook belangrik geag word.<br>• die regte van ander tale/kulture moet ook in ag geneem word.<br>• taal is belangrik vir mense se kultuur.<br><br>Ja, dit is regverdig want<br>• Engels is 'n internasionale kommunikasiemedium.<br>• Engels is die taal van die toekoms.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓</td><td>(1)</td><td>3</td></tr>
<tr><td>8.</td><td>Konnotatief want:</td><td></td><td></td></tr>
</table>

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • talle tonge verwys nie letterlik na menslike tonge nie, maar na die verskillende / 12 amptelike tale van Suid-Afrika. ✓<br>• die verskillende tale het gehelp om Suid-Afrika as 'n unieke nasie te ontwikkel. ✓ | (2) | 3 |
| 9. | 9.1 'n Hollywood aktrise moet:<br>• talentvol wees om verskeie karakters te speel/te vertolk.<br>• aantreklik/stylvol/unieke uiterlike eienskappe beskik.<br>• deursettingsvermoë hê.<br>• doelgerig/passievol/aksievol wees.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 9.2 'n Kletsrymer moet:<br>• sy stem gebruik om stories te vertel.<br>• die vaardigheid hê om vinnig te dink en te praat.<br>• Oor 'n sterk sin vir humor beskik.<br>• nie bang wees om kommentaar te lewer nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 9.3 'n Nuusleser moet:<br>• professioneel/netjies geklee/goed versorg wees.<br>• duidelik en verstaanbaar praat.<br>• oor goeie kommunikasievaardighede beskik, wat kan aanpas by veranderde situasies.<br>• kalm in tye van slegte nuus kan optree.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 10. | 10.1 Ja, want dit het:<br>• die leser aangemoedig om na te dink oor die vraag.<br>• 'n gevoel van betrokkenheid by die leser geskep.<br>• die leser 'n kans gegee om self 'n antwoord te vind.<br>• 'n sterk emosionele/intellektuele reaksie by die leser ontlok.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| | 10.2<br>• Dit help om die leser se aandag te trek.<br>• Om die leser te laat voel daar word direk met hom gepraat.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 11. | Mening.<br>• Daar is beslis meer as 44 mense wat Afrikaans praat.<br>• Dit is hoe sy voel/dink/haar persoonlike ervaring.<br>• Dit is haar eie subjektiewe standpunt.<br>• Sy is nie 'n betroubare bron wat haar oor Afrikaans kan uitspreek nie.<br>• Haar uitlatings is nie op statistiek gegrond nie.<br>• Haar uitlatings kan nie deur statistiek bewys word nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 12. | • Om Afrikaans te praat is "cool".<br>• Wees jouself, wees Afrikaans, wees 'n Afrikaner, al is jy een van 44!<br>• Afrikaans is die goue draad wat die brein, hart en mond aan mekaar verbind.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk in leerder se eie woorde). ✓ | (1) | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. | Nee.<br>• Afrikaans is my moedertaal en ek gebruik dit om elke dag te kommunikeer.<br>• Afrikaans word nog deur baie mense in Suid-Afrika elke dag gebruik.<br>• Die Afrikaanse taal is deel van Suid-Afrika / een van die 12 amptelike tale.<br>Ja.<br>• Daar is baie min mense wat Afrikaans deesdae praat.<br>• Engels word meestal gebruik.<br><br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 14. | Ja. Die slot is gepas want dit sluit aan by die titel, omdat dit eintlik die vraag beantwoord. | (1) | 4 |
| | **TOTAAL:** | | **[26]** |

| **ADVERTENSIE** [p.46]<br>**SKERPSKRYF IN AFRIKAANS** | | | |
|---|---|---|---|
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Omdat leerders wat Afrikaans as Addisionele Taal neem ook mag inskryf. ✓ | (1) | 2 |
| 2. | Skerpskryf in Afrikaans. ✓ | (1) | 1 |
| 3. | **KATEGORIE 1:** Graad 7-leerders<br>Skryf 'n opstel oor "Afrikaans is my moedertaal".<br><br>**KATEGORIE 2:** Graad 10 tot 12-leerders<br>Skryf 'n blog oor "Die belangrikheid van Afrikaans as onderrigtaal"<br><br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 4. | Graad 8/9 ✓ | (1) | 2 |
| 5. | Die kompetisie het alreeds op 30 Maart 2025 gesluit. ✓ | (1) | 2 |
| 6. | wen ✓ | (1) | 2 |
| 7. | 7.1 ABC uitgewers. ✓ | (1) | 2 |
| | 7.2<br>• Omdat daar net een borg is.<br>• Die uitgewers se naam is in donker vetletters gedruk.<br>• Die uitgewers se naam verskyn vier keer in die advertensie.<br>• Die uitgewers beskik oor kennis van die skryfproses/ skryfstandaarde.<br>• Die uitgewers verskaf die pryse.<br>• Die uitgewers wys dat hul ondersteuning aan opkomende skrywers bied.<br>(Enige DRIE van bogenoemde of soortgelyk). ✓✓✓ | (3) | 3 |
| 8. | 8.1<br>• Dat leerders kreatief moet dink as hulle 'n opstel wil skryf. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Die titel poog om die leerders te betrek deur spesifiek die woord "skerpskryf" en "jou" in donker vetletters te skryf.<br>• Die titel probeer 'n positiewe reaksie by die lesers teweeg bring.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 8.2<br>Subopskrifte ✓<br>Tekenprente van potlode wat bewegings uitvoer. ✓ | (2) | 3 |
| | 8.3<br>Die beeld van 'n potlood wat dans en potlood wat vlieg<br>• kan die verbeelding van die lesers aangryp. ✓<br>• kan die leser aanmoedig om in te skryf vir die kompetisie. ✓ | (2) | 3 |
| | 8.4<br>Kom wys jou skryftalent. ✓<br>Kom wees kreatief. ✓ | (1)<br>(1) | 2<br>2 |
| 9. | Prente<br>• dra die boodskap vinnig en doeltreffend oor sonder om 'n lang en ingewikkelde teks te lees.<br>• trek dadelik die aandag van leerders.<br>• kan leerders aanmoedig om ook deel te neem.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 10. | • Die leerders kan hul ondervinding met ander deel.<br>• Die leerders se deelname kan dui op die waarde van die kompetisie.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| 11. | Om aan leerders 'n geleentheid te bied om hul skryfvaardighede te ontwikkel. ✓ | (1) | 3 |
| 12. | As die wen-opstel publiseer word<br>• kan die leerder se selfbeeld en selfvertroue verhoog.<br>• kan dit ander leerders aanmoedig om in die toekoms ook in te skryf.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 13. | Die titel verwys na skryf, terwyl die inhoud fokus op wat presies geskryf moet word. ✓ | (1) | 3 |
| 14. | Hulle kan R500 ontvang. ✓ | (1) | 1 |
| 15. | • Om leerders te help om hul skryfvermoë te verbeter.<br>• Die uitgewers is op soek na nuwe talent.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 16. | Ja.<br>• Ek wil graag my talent gebruik/ten toon stel.<br>• Ek hou van 'n uitdaging / Ek hou daarvan om opstelle te skryf.<br>• Ek hou van die onderwerpe / Ek wil graag die prysgeld wen.<br>Nee.<br>• Ek hou nie van skryf nie.<br>• Ek hou nie van die onderwerpe nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[25]** |

| **INFOGRAFIKA** [p.49]<br>**AFRIKAANS – JOU VEERKRAGTIGE HARTSTAAL** | | | |
|---|---|---|---|
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Om inligting rakende die Afrikaanse taal te gee.<br>• Om mense van die ontwikkeling van die Afrikaanse taal bewus te maak.<br>• Om mense van die basiese feite van die Afrikaanse taal bewus te maak.<br>• Om mense trots op Afrikaans se voortbestaan te maak.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 2. | 2.1 Taalonderwyser ✓ | (1) | 1 |
| | 2.2 Ja, die taal was nog nie bekend nie. ✓ | (1) | 3 |
| 3. | 1926 ✓ | (1) | 1 |
| 4. | Omdat Microsoft, Google, Facebook en Nokia Afrikaans as ’n keuse-taal sedert 2010 aanbied. ✓ | (1) | 2 |
| 5. | Daar is 24 miljoen mense wat Afrikaans in die wêreld verstaan. ✓ | (1) | 2 |
| 6. | • Afrikaans is een van 12 amptelike tale in Suid-Afrika.<br>• Afrikaans is die taal wat Afrikaners praat.<br>• Afrikaans is die taal wat my ma my geleer het.<br>• Afrikaans is my moedertaal.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 2 |
| 7. | 7.1<br>• spiraalveer ✓<br>• ’n hart ✓ | (2) | 3 |
| | 7.2 Afrikaans jou veerkragtige hartstaal. ✓ | (1) | 1 |
| | 7.3<br>• Om op ’n kreatiewe manier die lesers se aandag te trek.<br>• Om die leser aan te moedig om verder na die inhoud te kyk.<br>• Om op ’n visuele manier die boodskap van Afrikaans as ’n veerkragtige hartstaal oor te dra.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 7.4<br>• Letterlik dui veerkragtig op die fisiese eienskap van ’n veer wat nadat dit gerek is, terugkeer na sy oorspronklike posisie. ✓<br>• Figuurlik verwys veerkragtigheid na die Afrikaanse taal wat sedert die 1800’s ten spyte van moeilike tye/uitdagings bly voortbestaan het. ✓<br>• Figuurlik verwys hartstaal na ’n taal wat jy voor lief is/wat jy gebruik om jou gedagtes, emosies en idees uit te druk. ✓ | (3) | 3 |
| | 7.5<br>• Die prente gee ’n visuele indruk van die inhoud.<br>• Die titel fokus op ’n sterk emosionele gevoel. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 7.6<br>• Om die leser te laat dink dat Afrikaans spesifiek na sy taal verwys.<br>• Om die leser te laat dink/voel dat Afrikaans spesifiek vir hom/haar bedoel is.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 7.7<br>• Afrikaans my taal.<br>• Die ontwikkeling van Afrikaans.<br>• Twaalf feite oor Afrikaans.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 8. | 8.1 ’n Woordeboek is belangrik want:<br>• dit kan ’n hulpmiddel wees om moeilike woorde na te slaan.<br>• dit verskaf die betekenisse en spelling van woorde wat jy nie verstaan nie.<br>• dit kan mense help om woorde korrek te skryf/spel.<br>• vir huistaal-/tweedetaal-leerders kan dit met die vertaling van woorde help.<br>• dit bevat inligting oor spelreëls, grammatika en taalgebruik.<br>• dit kan leerders help om nuwe woorde aan te leer.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| | 8.2 Omdat<br>• daar elke dag nuwe woorde ontstaan as gevolg van sosiale media/navorsing/tegnologie ensovoorts.<br>• ’n woordeboek moet relevant bly met die hedendaagse tyd.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 9. | Die eerste Afrikaanse woordelys is in 1844 gepubliseer. ✓<br><br>Die eerste uitgawe van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (WAT) is in 1926 gepubliseer. ✓✓ | (2) | 3 |
| 10. | Dit<br>• dui op ’n sterk emosionele band.<br>• beteken dat hy/sy vir die persoon omgee.<br>• is ’n uitdrukking van liefde.<br>• dui dat die persoon baie waardevol is.<br>• dui op jou gevoelens oor iemand.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 11. | • Afrikaans het aangehou voortbestaan en tot een van die 12 amptelike tale in Suid-Afrika ontwikkel.<br>• Afrikaans het in 1800’s net begin ontstaan, terwyl dit in 2025 al as amptelike taal honderd jaar oud is.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| | **TOTAAL:** | | **[23]** |

| **OPSOMMING** [p.52]<br>**WENKE VIR 'N SKITTERENDE REDENAARSTOESPRAAK** | | | |
|---|---|---|---|
| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE | |
| 1. | Die belangrikste is om goed voorbereid te wees. | 1. | Wees goed voorbereid. |
| 2. | Gaan kyk video's oor die onderwerp en let op hoe sprekers hulself handhaaf. | 2. | Gaan kyk video's oor hoe sprekers hulself handhaaf. |
| 3. | Moenie jou gehoor laat wonder waarvan jy hulle wil oortuig nie! | 3. | Oortuig jou gehoor dadelik. |
| 4. | Wees passievol en oortuigend wanneer jy 'n boodskap wil oordra. | 4. | Wees passievol as jy 'n boodskap wil oordra. |
| 5. | Jou intonasie is die "musiek" in jou stem – dit is wat jou stem interessant maak om na te luister! | 5. | Jou stem is wat jou interessant maak om na te luister! |
| 6. | Daar is ander sprekers wat oor dieselfde tema as jy gaan praat, so wees uniek! | 6. | Wees anders en uniek! |
| 7. | Dit is ongelooflik belangrik dat jou inleiding en slot baie treffend moet wees! | 7. | Jou inleiding en slot moet treffend wees! |
| | | | **TOTAAL: [10]** |

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **TEMA 5: OP PAD HOËRSKOOL TOE** |
| **ALGEMENE NASIENRIGLYNE** |
| • Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)<br>• Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.<br>• Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.<br>• Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.<br>• Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.<br>• Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar. |

| **LEESBEGRIP** [p.54]<br>**DAGBOEKINSKRYWING DEUR ’N GRAAD 7-LEERDER** | | | |
|---|---|---|---|
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | ’n Boek waarin ’n persoon sy/haar persoonlike gedagtes/emosies/ gebeure/ervarings neerskryf.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 2 |
| 2. | • Dit kan ’n aanduiding wees van die spanning/angs/ onsekerheid/opwinding wat die leerder ervaar.<br>• Die leerder wou ’n spesifieke gevoel/emosie/gedagte uitlig wat hy op daardie tydstip ervaar.<br>• Die leerder skryf net wat in sy kop aangaan.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 3. | • dapper<br>• onseker/bang<br>• huilerig<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 4. | Hy voel klein/bang/onseker oor die hoërskool. ✓ | (1) | 3 |
| 5. | • Dit word gebruik om die gevoel van angstigheid/ onsekerheid/bangheid uit te druk.<br>• Dit is nie dat sy hart fisies/letterlik in sy keel klop nie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 6. | “Tieners huil mos nie voor hulle maats nie”. ✓ | (1) | 1 |
| 7. | • Hoërskool is moeilik/uitdagend/onvoorspelbaar/onsekere tyd.<br>• Jy moet dapper wees.<br>• Jy moet sterk wees.<br>• Jy moet kan uithou.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 8. | Sy ouers het hom bygestaan om<br>• realistiese akademiese doelwitte op te stel.<br>• ’n studieskedule op te stel.<br>• ’n tydrooster op te stel.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 1 |
| 9. | duisende ✓ | (1) | 2 |
| 10. | Sy ouma/ouboet. ✓ | (1) | 2 |
| 11. | • Om hoërskool stap vir stap aan te pak.<br>• Om nie alles op een slag baas te probeer raak nie.<br>• Om nie alles gelyktydig te probeer doen nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 12. | ’n Goeie leier is<br>• Iemand (soos sy ouboet) wat hom kan ondersteun/gerusstel.<br>• iemand wat ’n mens kan vertrou (soos sy ouboet).<br>• iemand wat gesag het om ’n groep mense positief te lei.<br>• ’n persoon wat ander persone positief kan beïnvloed.<br>• kan ander persone inspireer.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 13. | Die dagboek ✓ | (1) | 3 |
| 14. | Die skrywer was die vorige jaar in die laerskool, ✓<br>terwyl sy ouboet alreeds in die hoërskool/grootskool was. ✓ | (2) | 3 |
| 15. | 15.1<br>• Omdat al die kinders groter as hy is.<br>• Omdat sy vorige skool moontlik (fisies) groter is as sy huidige skool.<br>• Omdat die leerders klein in sy vorige skool is.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| | 15.2 hoërskool ✓ | (1) | 2 |
| 16. | • wonderlike<br>• fantastiese<br>• oulike<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 2 |
| 17. | Dit is deur ’n tiener/graad 7-leerder geskryf, wat dink dit is normaal/cool om Engelse woorde as algemene praat/skryftaal te gebruik. ✓ | (1) | 4 |
| 18. | • Debat/Redenaars/Drama<br>• Atletiek<br>• Rugby<br>• Sokker | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Netbal<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 19. | Omdat<br>• dit sy meisie/vriendin/maat is.<br>• hy baie van haar hou.<br>• hy moontlik verlief is op haar.<br>• hy haar mis.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| 20. | Dit dui op ’n nuwe fase/verandering in sy lewe. ✓ | (1) | 5 |
| 21. | • Om met sy ouers/onderwysers/terapeut te gaan praat oor hoe hy voel.<br>• Om nie te hard op homself te wees nie.<br>• Om homself ’n kans te gee om aan te pas.<br>• Om soveel as moontlik inligting te kry oor sy nuwe skool.<br>• Om opedag van die skool te gaan bywoon.<br>• Om een dag op ’n slag te neem.<br>• Om betrokke te raak by skoolaktiwiteite.<br>• Om ’n positiewe gesindheid te handhaaf.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 22. | Leerder se eie mening met gepaste motivering. ✓ | (1) | 5 |
| 23. | Leerder kan hier ENIGE sinvolle antwoord gee. ✓ | (1) | 5 |
| 24. | • Jy kan jou gevoelens/gedagtes neerskryf.<br>• Jy kan van jou spanning ontslae raak.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 25. | Leerder kan hier ENIGE sinvolle antwoord gee. ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[27]** |

| **ADVERTENSIE** [p.58]<br>**IS JY REG VIR DIE OPEDAG?** | | | |
|---|---|---|---|
| | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Graad 7-leerders ✓<br>en hul ouers. ✓ | (2) | 1 |
| 2. | Hoërskool Kompas ✓ | (1) | 1 |
| 3. | • Beste akademiese hoërskool.<br>• ’n 100% matriekslaagsyfer.<br>• Jy ontvang vyfster-onderrig.<br>• Jou volle potensiaal word ontwikkel.<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 1 |
| 4. | Om leerders en hul ouers te oorreed om Hoërskool Kompas se opedag by te woon. ✓ | (1) | 3 |
| 5. | 5.1 Vyfsteronderrig✓<br>5.2 Skoolwapen het ’n boek met ’n rigtingwyser en daar is 3 sterre.✓ | (1)<br>(1) | 1<br>3 |
| 6. | Leerders mag net in skooluniform die opedag bywoon. ✓ | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | • Daar is duidelike uitnodigings soos byvoorbeeld: kom kyk vir jouself/bring jou ouers/kom ervaar die Kompas-vrolikheid!<br>• Beperkte beskikbaarheid van plekke.<br>• 30% afslag op vroeë registrasie.<br>(Enige EEN van bogenoemde).✓ | (1) | 1 |
| 8. | • Om direk met die leser te praat.<br>• Om by die leser ’n gevoel van betrokkenheid te skep.<br>• Om die leser se aandag te trek.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 9. | Die skoolnaam (Hoërskool Kompas) – verwys na die **kompas** in die skoolwapen. ✓<br>Die skoolwapen het ’n prent van ’n kompas wat na die **naam** van die skool verwys. ✓<br>Die skoolleuse (Kennis gee rigting) verwys na boeke-kennis wat rigting aandui wat met ’n **kompas** ooreenkom. ✓ | (3) | 3 |
| 10. | Die skoolwapen<br>• onderskei die skool van ander skole.<br>• is maklik herkenbaar.<br>• sluit simbole soos ’n boek en ’n kompas in wat wysheid en kennis simboliseer.<br>• gee die skoolleuse op ’n verstaanbare/eenvoudige manier wat die skool se identiteit versterk.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| 11. | • Groot vetdrukletters.<br>• Verskillende lettertipes/interessante lettertipes/groot vetdruk letters.<br>• ’n Foto van leerders wat ’n plakkaat vashou.<br>(Enige TWEE van bogenoemde). ✓✓ | (2) | 3 |
| 12. | Die figuurlike betekenis dui daarop dat die skool nie ’n fisiese rigtingaanwyser soos ’n kompas is nie, maar ’n plek<br>• is waar jy jou doelstellings kan bereik.<br>• is wat jou rigting gee in die lewe om regte keuses te maak.<br>• is wat jou kan help om te ontwikkel.<br>• is waar jou drome waar gemaak kan word.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 13. | Die ouers sowel as die leerders moet deel raak van die Kompas-familie. | (1) | 3 |
| 14. | 14.1 Omdat ander skole ook moontlik dieselfde *vibe* kan hê. ✓ | (1) | 4 |
| | 14.2 atmosfeer ✓ | (1) | 2 |
| | 14.3<br>Ja.<br>• Die teikenmark is graad 7-leerders.<br>• Die doel is om ’n spesifieke atmosfeer te skep. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Die doel is om tieners se aandag te trek.<br>• Tieners maak baie keer van Engelse woorde gebruik.<br>Nee.<br>• Die advertensie is ook op ouers gerig.<br>• Dit is 'n Afrikaanse skool, so Engelse woorde is onnodig.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 15. | Ja.<br>Dit kan leerders<br>• help om 'n beter keuse te maak vir 'n hoërskool.<br>• inligting gee oor 'n hoërskool.<br>• help om met die nuwe omgewing/terrein/fasiliteite bekend te raak .<br>Nee.<br>• Opedae is tydmors.<br>• Opedae is nie 'n werklike weerspieëling van die skool nie.<br>• Opedae is net 'n geleentheid waar skole spog oor hul prestasies.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 16. | Die advertensie<br>• is kreatief – maak gebruik van foto/verskillende skriftipes.<br>• dui aan hoe dit verskil van ander skole bv. 'n "vibe".<br>• spreek emosies aan soos bv. raak deel van die kompas-familie.<br>• Dui op 'n beperkte beskikbaarheid van plekke.<br>• dui op resultate: 100% matriekslaagsyfer.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 5 |
| 17. | Hy/sy moet kyk na<br>• die afstand vanaf sy huis.<br>• die akademiese resultate van die skool.<br>• die beskikbaarheid van buitemuurse aktiwiteite/spesiale klasse wat aangebied word.<br>• die grootte van die skool.<br>• finansiële uitgawes soos skoolgelde/skooluniform/vervoer na skool.<br>• die tipe vakke wat aangebied word.<br>• sy persoonlike behoeftes.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| | **TOTAAL:** | | **[25]** |

**SPOTPRENT** [p.60]
**EEUE OUE BOEK TERUGGEVIND**

| | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Die boek is baie oud. ✓<br>Die boek was vir 'n baie lang tyd weg. ✓ | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die boek is nou weer gevind. ✓ | (3) | 2 |
| 2. | Die seuntjie, want:<br>• sy optrede/houding/woorde fokus die aandag op hom.<br>• hy staan heel voor met ’n boek in sy hand, wat aansluit by die titel.<br>• hy is die enigste persoon wat praat.<br>(Enige TWEE van bogenoemde of soortgelyk). ✓✓ | (2) | 1 |
| 3. | Televisiekamer, ✓ want daar is ’n televisie. ✓ | (2) | 1 |
| 4. | Die seuntjie<br>• Het ’n passie vir rugby.<br>• speel moontlik rugby / is ’n rugbyspeler.<br>• behoort aan ’n rugbyspan.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 3 |
| 5. | 5.1<br>• Die ma staan met haar rug na die seuntjie gedraai, wat daarop dui dat sy nie werklik reageer op wat die seun sê nie.<br>• Sy ma kyk hom ongelowig aan.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| | 5.2<br>• Sy moes moontlik na die seuntjie toe draai om na hom te luister.<br>• Sy moes gelukkig wees, omdat hy gaan lees.<br>• Sy moes positief reageer.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |
| 6. | 6.1<br>• Dit dui op ’n uitdrukking van intensiteit.<br>• Dit dui dat ’n groot hoeveelheid tyd beskikbaar is.<br>• Dit beklemtoon die humoristiese toon van die stelling.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| | 6.2 die seuntjie ✓ | (1) | 3 |
| | 6.3 Die seuntjie sien die boek as iets klein/onbelangrik. ✓ | (1) | 3 |
| | 6.4<br>• Die outjie is baie opgewonde, omdat dit sy eerste skooldag is.<br>• Die outjie was bekommerd, omdat sy ma huil.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk – moet na ’n seun verwys). ✓ | (1) | 3 |
| 7. | 7.1.<br>• Dit gee vir die leser ’n kort verduideliking van die inhoud/tema van die spotprent.<br>• Dit help die leser om die inhoud van die spotprent te verstaan.<br>• Dit verduidelik aan die leser die situasie wat uitgebeeld word.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 3 |
| | 7.2<br>• Mense het vergeet om die boeke terug te bring.<br>• Mense het die boeke verloor.<br>• Mense het nie na die leenperiode gekyk nie.<br>• Die biblioteek het nie opgevolg nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7.3<br>• Strenger metodes kan ingestel word vir uitgeleende boeke.<br>• Persone wat boeke wil leen, moet jaarliks 'n deposito betaal.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). ✓ | (1) | 5 |
| 8. | Die seun kan<br>• interessante boeke kies om te lees/boeke wat verband hou met sy belangstellings/stokperdjies/sport.<br>• gereeld sy skoolbiblioteek/plaaslike biblioteek besoek.<br>• In 'n rustige omgewing/weg van televisie lees.<br>• minder met sy selfoon speel.<br>• By 'n leesklub aansluit waar boeke met maats bespreek kan word.<br>(Enige TWEE van bogenoemde of soortgelyk). ✓✓ | (2) | 4 |
| 9. | Die humor lê daarin dat<br>• die seuntjie vol selfvertroue is oor sy leesvaardighede/ leesspoed, terwyl sy ma duidelik anders dink.<br>• Die oordrewe lengte van die woord "baaaaie" beklemtoon word.<br>• die agterstallige biblioteekboek eers ná 100 jaar teruggebring is.<br>(Enige EEN van bogenoemde). ✓ | (1) | 4 |
| | **TOTAAL:** | | **[20]** |

| **OPSOMMING** [p.62]<br>**BEREI SO VOOR VIR JOU NUWE SKOOLJAAR** | | |
|---|---|---|
| Kyk na die assesseringsriglyne aan die einde van hierdie dokument vir die puntetoekenning. | | |
| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
| 1. | Besoek die skool saam met jou ouers om vertroud te raak met die nuwe skoolomgewing. | Besoek die skool om die nuwe skoolomgewing te leer ken. |
| 2. | Kry die lys voor die tyd, sodat julle genoeg tyd het om dit te koop. | Kry die lys van skoolbenodighede. |
| 3. | Gee vir jouself ekstra tyd om gereed te maak vir hierdie belangrike oggend. | Maak seker jy het ekstra tyd. |
| 4. | Ontwikkel 'n slaaproetine 'n week voor die skool begin. | Kry 'n slaaproetine. |
| 5. | Begin 'n week voor die nuwe skooljaar om 'n oggendroetine in te oefen. | Kry 'n oggendroetine. |
| 6. | Geniet elke oomblik daarvan en bly optimisties oor die nuwe uitdagings. | Bly positief. |
| 7. | Wees aktief, al doen jy net matige oefening. | Bly aktief. |
| | | **TOTAAL: [10]** |

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

- Die nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs eienskappe wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

**PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
4– 5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
2–3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

LET WEL:
Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.